Verwysing: 20190306-2543
Lêernommer: 13/30/1
Navrae: NF Sobetwa-Magodla

Assesseringsbestuursminuut: 0004/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Adjunk-direkteure; Hoofonderwyskundiges; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Vakadviseurs; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges; Assesseringskoördineerders; en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die VBOO-vlak 4-eksamens voorberei

**Onderwerp: Aansoek om posisies as interne moderator, hoofnasiener, en nasiener vir die November 2019 tot Junie 2021 Volwassene Basiese Onderwys en Opleiding (VBOO) Vlak 4-eksamens**

1. Aansoeke word ingewag van onderwysers, vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners wat aan die kriteria voldoen, soos uiteengesit in **Bylae A**, vir posisies as interne moderators, hoofnasieners en nasieners vir die November 2019 tot Junie 2021 Volwassene Basiese Onderwys en Opleiding (VBOO) Vlak 4-eksamens. 'n Lys met VBOO Vlak 4-leerareas is hierby as **Bylae B** aangeheg.

2. **Voorlegging van aansoeke**

2.1 Alle aansoeke moet op die aangehegte aansoekvorm (**Bylae C**) gedoen word en vergesel wees van 'n voltooide verklaringsvorm. 'n Afskrif hiervan is by hierdie minuut aangeheg as **Bylae D**.

2.2 **Alle nuwe aansoekers moet die volgende dokumente by hul aansoekvorms voeg:**

- 'n Curriculum vitae
- Gewaarmerkte afskrif van identiteitsdokument
- Gewaarmerkte afskrif/te van akademiese studierekord/s
- Gewaarmerkte afskrif/te van kwalifikasiesertifikaat/-sertifikate

2.3 Aansoeke moet by die volgende adres ingedien word:

Hoof: Onderwys
Vir aandag: Me N Kanase
Direktoraat: Eksamensadministrasie
Wes-Kaap Onderwysdepartement
5de Vloer, (Kamer 5-29), Grand Central Towers
Laer Parlementstraat
KAAPSTAD, 8001

Aansoeke moet die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) teen **Donderdag, 18 April 2019** bereik.

3. Suksesvolle aansoekers sal skriftelik van hul aanstellings verwittig en versoek word om 'n kontrak met die WKOD te sluit. Verdere korrespondensie aangaande die nasienproses sal dan volg.

4. Die nasien van VBOO Vlak 4-eksamenantwoordstelle is een van die belangrikste funksies van die eksamineringsproses. Die WKOD is trots op die aanstelling van gekwalifiseerde en bevoegde nasieners. Sentrumbestuurders en ander senior amptenare wat nasieners aanbeveel, moet dus te goeder trou optree. Let asseblief daarop dat die verskaffing van foutiewe inligting op die aansoekvorm as bedrog beskou sal word, en daar sal ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), opgetree word.

5. Dit is uiters belangrik dat sentrumbestuurders, distriksdirekteure, kringbestuurders en vakadviseurs die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers bring sodat hulle vertroud sal wees met die aanstellingskriteria voordat aansoeke ingedien word. Die WKOD kan nie verantwoordelikheid aanvaar indien onderwysers nie oor die inhoud van hierdie minuut ingelig word nie.

6. Die WKOD maak staat op u samewerking en ondersteuning ten opsigte van hierdie belangrike saak.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2019-03-28

## 1. Kriteria vir aanstelling as hoofnasieners, en interne moderatore

1.1 Aansoekers om die betrekking van interne moderator en hoofnasiener moet oor 'n minimum van 8 jaar onderwyservaring en ten minste oor 3 jaar se ervaring in die onderrig van die betrokke leerarea op BOOV-vlak 4 beskik of die vak in Kurrikulum Advies Dienste in die leerarea of verwante Graad 9 leerarea.

1.2 Alle aansoekers moes ook die leerarea op 'n voltydse basis onderrig het in 'n sentrum wat die eksamens van die Departement van Hoër Onderrig en Opleiding aflê, vir ten minste twee van die volgende jare: 2017, 2018 en 2019. Voorkeur sal gegee word aan onderwysers wat tans die Nasionale Kurrikulumverklaring aan BOOV Vlak 4 kandidate onderrig.

1.3 In die geval van hoofnasieners en interne moderatore is ondervinding as 'n nasiener in vorige jare 'n vereiste.

## 2. Kriteria vir die aanstelling van nasieners

2.1 Alle aansoekers moet in besit wees van 'n erkende driejaar na-Senior Sertifikaat-eksamenkwalifikasie, wat die betrokke vak moet insluit.

2.2 Aansoekers moet voltyds in diens wees by 'n inrigting wat kandidate voorberei vir die BOOV-vlak 4 eksamens wat opgestel word deur die Departement van Hoër Onderrig en Opleiding en geadministreer word deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD).

2.3 Alle nasienbeamptes moet na die eerste nasiendag voorgestelde antwoorde bring op die vrae van die vraestel waarvoor hulle aangestel is om na te sien. Die WKOD kan die aanstelling van 'n nasiener wat dit nie doen nie, terugtrek.

2.4 Aansoekers wat aangedui het dat hulle van plan is om te bedank of af te tree en wat hulle dienste by die WKOD sal beëindig teen **30 September 2019**, sal nie oorweeg word vir aanstelling as 'n moderator, hoofnasiener of nasiener nie, behalwe in gevalle waar die onderwyser voltyds aangestel sal word by 'n onafhanklike skool en die betrokke vak onderrig.

2.5 Iemand wat met verlof is tydens die periode wat die nasienperiode voorafgaan en insluit, se aanstelling as moderator, hoofnasiener of hoofnasiener sal beëindig word. Iemand wat teen die einde van die jaar vir meer as 50 dae met verlof was, se aanstelling sal ook beëindig word. Dit is op alle soorte verlof van toepassing.

2.6 Persone wat 'n kandidaat vir BOOV Vlak 4-eksamen het wat by hulle woon en wat die BOOV Vlak 4-eksamen in die leerarea waarvoor aansoek gedoen is, gaan skryf, kwalifiseer nie vir aanstelling as interne moderator of hoofnasiener nie. Sodanige persone kan egter aansoek doen om die betrekking van nasiener in daardie leerarea.

2.7 Die WKOD sal die aanstelling van enige aangestelde nasiener beëindig indien hy of sy nie bevredigend presteer in die uitvoering van sy of haar verantwoordelikhede tydens enige van die bogenoemde nasienperiodes nie.

## *A LIST OF ABET LEVEL 4 LEARNING AREAS*

| Code/Kode | Learning Area Description / | Leerareabeskrywing |
|---|---|---|
| AAAT4 | Applied Agriculture and Agricultural Technology L4/ | Toegepaste Landbou en Landbou Tegnologie V4 |
| ANHC4 | Ancillary Health Care L4/ | Aanvullende Gesondheidssorg V4 |
| ARTC4 | Arts and Culture L4/ | Kuns en Kultuur V4 |
| ECDV4 | Early Childhood Development L4 | Vroeë Kinderontwikkeling V4 |
| EMSC4 | Economic and Management Sciences L4/ | Ekonomiese en Bestuurwetenskappe V4 |
| HSSC4 | Human and Social Sciences L4/ | Menslike en Sosiale Wetenskappe V4 |
| INCT4 | Information Communication Technology L4 | Inligtings Kommunikasie Tegnologie V4 |
| LCAF4 | LLC: Afrikaans L4/ | TGK: Afrikaans V4 |
| LCEN4 | LLC: English L4/ | TGK: Engels V4 |
| LCXH4 | LLC: IsiXhosa L4/ | TGK: IsiXhosa V4 |
| LIFO4 | Life Orientation L4/ | Lewensoriëntering V4 |
| MLMS4 | Mathematical Literacy L4/ | Wiskunde Geletterdheid V4 |
| MMSC4 | Mathematics and Mathematical Sciences L4/ | Wiskunde en Wiskunde Wetenskappe V4 |
| NATS4 | Natural Sciences L4/ | Natuurwetenskappe V4 |
| SMME4 | Small Medium and Micro Enterprises L4/ | Klein Medium en Mikro Ondernemings V4 |
| TECH4 | Technology L4/ | Tegnologie V4 |
| TRVT4 | Travel and Tourism L4/ | Reis en Toerisme V4 |
| WHRT4 | Wholesale and Retail L4 | Groothandel en Kleinhandel V4 |

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

**BYLAE C**

## AANSOEK OM AANSTELLING AS HOOFNASIENER, INTERNE MODERATOR OF NASIENER VIR DIE BOOV VLAK 4-EKSAMEN VAN NOVEMBER 2019 TOT JUNIE 2021 EKSAMEN

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| PERSAL NO: | | | | ID-NO: | | | | | | | |
| TITEL: | | | | **GESLAG** | | | **RAS** | | | | |
| | | | | VROULIK | MANLIK | | Swart | Kleurling | Indiër | Wit | |
| VAN: | | | | | | | | | | | |
| VOLLE VOORNAME: | | | | | | | | | | | |
| POSADRES: | | | | | | | | | | | |
| POSKODE: | | TEL. (HUIS) | | | SEL | | | FAKS | | | |
| **NAAM VAN SENTRUM / INRIGTING:** | | | | | | | | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **IS U DEUR DIE WKOD AANGESTEL?** | **JA** | | **NEE** | |
| **INDIEN SUKSESVOL, BENODIG U KOSHUISAKKOMMODASIE TYDENS DIE NASIENPERIODE?** | **JA** | | **NEE** | |
| **ETES: HALAAL** | **JA** | | **NEE** | |
| **VEGETARIES** | **JA** | | **NEE** | |

**KWALIFIKASIES (HEG GEWAARMERKTE KOPIES VAN KWALIFIKASIES OF AKADEMIESE STUDIEREKORDS AAN)**

| | **HOOGSTE PROFESSIONELE KWALIFIKASIE** | **HOOGSTE AKADEMIESE KWALIFIKASIE** |
|---|---|---|
| GRAAD/DIPLOMA: | | |
| EKSAMINERENDE LIGGAAM: | | |
| JAAR VERWERF: | | |

**LEERAREA WAARVOOR U AANSOEK DOEN:**

| **POSISIE WAARVOOR U AANSOEK DOEN:** | **HOOFNASIENER** | **INTERNE MODERATOR** | **NASIENER** |
|---|---|---|---|
| | | | |

BOOV VLAK 4 ONDERRIG ONDERVINDING IN DIE BETROKKE VAK GEDURENDE DIE AFGELOPE 2 JAAR:

(VOLTOOI ONDERSTAANDE TABEL. Kurrikulumadviseurs moet distrik en leerarea aandui)

| **JAAR** | **LEERAREA ONDERRIG BOOV VLAK 4** | **AANTAL LEERDERS IN BOOV VLAK 4 ONDERRIG** | **AANTAL GESLAAG** | **SENTRUM/INRIGTING** |
|---|---|---|---|---|
| 2019 | | | | |
| 2018 | | | | |
| 2017 | | | | |

VORIGE ONDERVINDING AS BOOV VLAK 4-NASIENER: (Voltooi onderstaande tabel)

| **LEERAREA** | **JAAR** |
|---|---|
| | |
| | |

**TAAL/TALE WAARIN U BEVOEG IS OM NASIENWERK TE VERRIG:**

**EK SERTIFISEER HIERMEE DAT BOGENOEMDE INLIGTING IN ALLE OPSIGTE KORREK IS.**

HANDTEKENING VAN AANSOEKER: _____

DATUM: _____

**EK SERTIFISEER HIERMEE DAT DIE BOGENOEMDE INLIGTING KORREK IS EN DAT DIE AANSOEKER 'N ONDERWYSER/ AMPTENAAR IS WAT ONDERRIG HET / GEADVISEUR HET OP BOOV VLAK 4 / GRAAD 9 VIR TEN MINSTE TWEE VAN DIE JARE 2017, 2018, 2019.**

_____

HANDTEKENING VAN PRINSIPAAL / DISTRIK DIREKTEUR/SENTRUM BESTUURDER

DATUM: _____

AMPTELIKE STEMPEL VAN SKOOL/INRIGTING

| **PANEEL** | | | | | **INDIEN DIE AANSOEKER ONSUKSESVOL IS, MOET DIE PANEEL REDE(S) VERSKAF .** |
|---|---|---|---|---|---|
| **AANSOEK** | **SUKSESVOL** | **ONSUKSESVOL** | **WAGLYS** | **NOMMER** | |
| **HANDTEKENING** | | | | | **DATUM:** |

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

**DIREKTORAAT: ASSESSERINGBESTUUR**

**BYLAE D**

## VERKLARING

**NASIEN VAN DIE NOVEMBER 2019 BASIESE ONDERWYS VIR VOLWASSENES (BOOV) VLAK 4- EKSAMENS: VERKLARING: DEUR INTERNE MODERATORE, HOOFNASIENERS, EN NASIENERS**

**Naam:** ..... **Persalnommer:** ..... **Leerarea:**.....

**Adres:**.....**Poskode:** .....

**Tel. no.** ..... **E-pos:** ..... **Fax:** ..... **Cell:** .....

**Ek** ..... **verklaar hiermee dat:**

1. Ek beskik oor 'n erkende na- Senior Sertifikaat- driejaarkwalifikasie wat die toepaslike vak insluit (meld die vak)..... op Diploma- / Graadvlak (*skrap wat nie van toepassing is nie*)

| **Vlak / Jaar** | **1ste** | **2de** | **3de** |
|---|---|---|---|
| | | | |

(Merk asseblief die toepaslike aantal jare van spesialisering in die vak)

2. Huidige Aanstelling (Voltooi asb. 2.1 of 2.2 waar van toepassing)

2.1 Ek is tans aangestel as 'n AOO-kurrikulumadviseur / Senior Kurrikulumbeplanner op `n voltydse basis vir ..... (*meld vak)* by .....*(kantoor)*

2.2 Ek is tans'n voltydse onderwyser by ..... (*naam van sentrum*)

2.3 Ek onderrig tans en het voorheen onderrig by ..... (leerarea) op `n voltydse basis vir Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (BOOV) vir die volgende jare: .....

| | |
|---|---|
| **2019** | |
| **2018** | |
| **2017** | |

(Dui asseblief die aantal leerders aan wat per jaar onderrig word)

2.4 Ek is tans aangestel as `n AOO en BOOV Vlak 4 kurrikulumadviseur en het kurrikulumadviseur dienste in .....(leerarea) voorsien op `n voltydse basis vir die volgende jaar.

| | |
|---|---|
| **2019** | |
| **2018** | |

| | |
|---|---|
| **2017** | |

(Dui asseblief die aantal leerders aan wat per jaar onderrig word)

3. Ek is **tans op `n voltydse basis aangestel** by 'n inrigting wat kandidate vir die BOOV Vlak 4-eksamens, wat deur die WKOD aangebied word, voor te berei.

4. Ek erken dat die WKOD my aanstellingskontrak vir die nasien sal beëindig indien ek met verlof is gedurende die tydperk wat uitloop op die nasien en insluitende daarvan, en indien my afwesigheid van werk meer as 50 werksdae per jaar in die 2019 akademiese jare is.

5. Ek **het/het nie** 'n naasbestaande (skrap wat nie van toepassing is nie) (bv. seun, dogter, suster of broer) wat die November 2019 BOOV Vlak 4-eksamen aflê in die leerarea waar ek as nasiener aangestel is **nie**.

6. Ek **het/het nie** 'n (skrap wat nie van toepassing is nie) kandidaat wat by my inwoon; wat die November 2019 BOOV Vlak 4-eksamen aflê in die leerarea waar ek aangestel is nie.

7. Ek is bekwaam om net in Engels/net in Afrikaans/Engels en Afrikaans nasien te doen. (*skrap wat nie van toepassing is nie*) (LW: *Nie van toepassing op vraestelle van Afrikataal vraestelle*)

| | |
|---|---|
| **Ek sertifiseer hiermee dat bogemelde inligting in alle opsigte korrek is.** | **Ek sertifiseer hiermee dat bogemelde inligting in alle opsigte korrek is en dat die aansoeker `n voltydse onderwyser/amptenaar is wat onderrig het/as `n adviseur vir die vak en vraestel by BOOV Vlak 4 opgetree het vir ten minste twee van die volgende jare: 2017, 2018, 2019.** |
| **HANDTEKENING VAN AANSOEKER:** | **HANDTEKENING VAN SKOOLHOOF** |
| **……** | **OF DISTRIKSDIREKTEUR: ……** |
| **DATUM: ……..** | **DATUM: ……..** |

**KEERDATUM VIR VOORLEGGING: 18 April 2019**

**Alle voltooide verklaringsvorms moet gestuur word na mev N Kanase of mnr M Cameron, Direktoraat: Eksamenadministrasie, Wes-Kaap Onderwysdepartement, 5de vloer (Kamer 5-29), Grand Central Towers, Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001.**

| |
|---|
| **STEMPEL VAN SKOOL / INRIGTING** |